borg

Gedruk en geborg deur:

BOLAND DRUKPERS BK PRINTERS CC

WELLINGTON ☎ 021 - 873 1167

~ ons ondersteun Atlete vir Christus ~

sponsors

United Varnish

Hierdie Boekie
is gevou
en gebind deur

☎ (021) 531 6371

Paper sponsored by:

PAPER LINK
THE WAY PAPER IS MOVING

PAPER LINK

Metro Industrial Township
Off Milner Road
Paarden Eiland 7405
Fax No: 021 - 511 5493
www.paperlink.co.za

☎ 021 - 511 3992

AVC 2006

Atlete vir Christus

ons hardloop, sing en gesels
Christus

Bloemfontein
na Jeffreysbaai

Stellenbosch STUDENTEKERK
oop en eg met deernis

Program

1. Bekendstelling van die Span
2. Sanggroep
3. Persoonlike Getuienis
4. Sanggroep
5. Samesang

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde oor sy koningkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
Hy is koning Hy regeer

Loof Hom prys Halleluja
Loof Hom prys Halleluja
Loof Hom prys Halleluja
Hy is Koning Hy regeer

Kom deel nou in ons loflied hef jul hande op na bo
Blaas basuine slaan op dromme en kom dans voor God se oë
Kom deel in die oorwinning van sy woord waarin ons glo
Want sy woord sal ewig staan

Loof Hom prys halleluja
Loof Hom prys halleluja
Loof Hom prys halleluja
Hy is Koning Hy regeer

6. Boodskap Deur Ds. Barnard Griebenow
7. Samesang (Lied 205)

Bring lof aan die Vader, verheerlik die Seun
Vir liefde, genade verlossing en steun
Dat elkeen wat glo nie verlore mag gaan
Maar ewig voor Hom as verloste kan staan

Loof die Heer, Loof die Heer
Sing gelowiges saam
Loof die Heer prys sy heilige naam
Hy kom uit genade ons sondes versoen
Dat ons hom vrymoedig ons Vader kan noem

Ons lof aan die Skepper wat altyd getrou
Sy kerk hier kom vestig vernuwe en bou
Ons bly inspireer en ons stuur deur sy Gees
Om sout en om lig vir die wêreld te wees

Loof die Heer, Loof die Heer
Sing gelowiges saam
Loof die Heer prys sy heilige naam
Hy kom uit genade ons sondes versoen
Dat ons hom vrymoedig ons Vader kan noem

8. Sanggroep
9. Aktuele Bedieningsinligting
10. Spanlied

I know where I'm going

I know where I'm going and I know who's going with me
I know who writes the music in the stillness of the morning
I found a wealth of gold and silver have I plenty
I have a light to guide me when the road is dark and stormy

Where are you going? Who will walk beside you?
When the night is gloomy, where is the light to guide you?
And where's your gold and your silver brightly shining?
Who writes the music in the stillness of the morning?

I'm going where He goes and He'll be there beside me
The love for which he died is all I need to guide me
And He's my gold and my silver brightly shining
He writes the music in the stillness of the morning

Ek wil vir U dank Heer vir U liefde en U genade
U is 'n troue Leidsman en beskerm my teen gevare
U is die Weg, die Waarheid, die Lewe U is my vrede
Help my om u te volg Heer, in 'n wêreld vol probleme
U is 'n sterke Rots: Aan u kan ek my lewe gee
Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in U weë
U is getrou, regverdig en almagtig
U ken my hart Heer, daarom bid ek tot U seën.

Amen

11. Samesang : Onse Vader
12. Geleentheid vir Gebed en Gesels

Die sanggroep sing 'n aantal liedjies uit hulle repertorium:

As ek in die aand na sterre kyk
Can't You See
Die Saaier
Father God
Genade onbeskryflik groot
Habbakuk 3
In die Hemel is die Heer
Jesus loves me yes I know
Nobody knows the trouble I see
Obsession
O Kon ek Jubel Hemelvader
Soek allereers die koningkryk van God
The Loser
Vroeg in die Môre
Waar daar Liefde is

Wie ons is

Atlete vir Christus

Ons is 'n groep van 23 Maties (studente aan die Universiteit van Stellenbosch) wat vanjaar vir die 32ste keer sedert die ontstaan van die groep in 1975 toer.

Ons doel is tweeledig:

† **Om God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees te verkondig soos in ons leuse vervat is: "Ons hardloop, sing en gesels Christus."**

† **Om jaarliks R40 000 in te samel vir die evangelisasiewerk wat Bybelkor in Suid-Afrikaanse gevangenisse doen.**

Die span bestaan uit 10 atlete, 'n sanggroep van 10 lede, 3 persoonlike werkers en 'n toerpa. Elkeen vervul 'n unieke funksie op 'n tipiese toerdag, waartydens die atlete die afstande tussen die betrokke oornagdorpe op 'n aflosbasis aflê.

Gedurende die dag vind bybelstudie, ondersteuning en ander prettige aktiwiteite plaas. Saans tree die sanggroep by 'n gasheergemeente op; optredes bestaan uit ligte, gewyde sang, impromptu getuienisse deur spanlede en 'n kort boodskap deur ons toerpa, ds Barnard Griebenouw.

Ons bede is dat die Hemelse Vader tot u (en tot ons) sal spreek deur ons optrede en kuiertjie. Baie dankie vir u teenwoordigheid en ondersteuning.

Bydraes vir evangelisasiewerk kan gestuur word aan:

(Posadres)
Atlete vir Christus
Studente-Diensaksie
Posbus 275
Stellenbosch
7599

(Bankbesonderhede)
Atlete vir Christus
Rekening: 410 150 751
ABSA (Stellenbosch)
Takkode: 334 410
Faks: (021) 883 2513

Leiers



Janes Cloete **Carla** Venter

Janes, 'n atleet, het 'n BSc-graad agter sy naam en het vanjaar Bedryfsingenieurswese begin studeer. Hy is afkomstig van Franskraal en toer vanjaar vir die vierde keer. Carla is besig om 'n BComm-graad en 'n nagraadse onderwysdiploma te verwerf, woon in Wellington en maak vanjaar haar derde toer mee. Sy is 'n alt in die sanggroep.

Toerpa

Ds Barnard Griebenow

Ds. Barnard Griebenow is die geestelike leier vir sy tweede agtereenvolgende jaar. Hy is self ook 'n oud-atleet en het sy bydrae in die sanggroep gelewer. Tans woon hy en sy familie op Oudtshoorn, waar hy in die bediening staan.

Sanggroepleier

Johan Swarts

Die sanggroep staan vanjaar onder leiding van Johan Swarts, 'n derdejaar BA-student van Bellville. Johan sing bas en toer vanjaar vir die tweede keer.

Sanggroep

Aldi Pieterse

BSc Agric I

Port Elizabeth
Toer: # 1

Yvette Rossouw

BPsig IV

Bellville
Toer: # 4

Chandré Brewis

BIng Siviel I

Port Elizabeth
Toer: #1

Etienne Snyman

BTh I

Paarl
Toer: #1

Karl Janse van Rensburg

BRek III

Welgemoed
Toer: # 1

Beate Van Niekerk

BEd III

Stanford UK
Toer: # 1

Telani Murray

BEd III

Strand
Toer: # 1

Jaco Van Niekerk

BComm Sosio Informatika II

Somerset-Wes
Toer: # 2

Borge

Boland Drukpers
hierdie boekie
Wellington
☎ (021) 873 1167

Digital Bureau
Stellenbosch
☎ (021) 887 3444

Simonsberg Drukpers
bedankingskaartjies
Stellenbosch
☎ (021) 883 8223

Atlete

André Huysamen

BRek II

Malmesbury
Toer: # 2

Evert Maree

BSc Menslike Wetenskappe II

Pretoria
Toer: # 2

Barend Klopper

BRek II

Wellington
Toer: # 2

Gerhard Nel

BA Regte I

Onrusrivier
Toer: # 1

Luzandrie Huisamen

BA Sportwetenskap III

Somerset-Wes
Toer: # 2

Maretha Van Zyl

Fisioterapie I

Clanwilliam
Toer: # 1



Sam Pretorius

BA Internasionale Studies II

Sandton
Toer: # 1

Andries Van Der Vyver

BIng Chemies I

Ladismith
Toer: # 1

Persoonlike Werkers

Bessie Bester

BTh IV

Swellendam
Toer: # 3

Francél Mouton

BComm Regte II

Porterville
Toer: # 1

Samantha Lottering

BTh III

Calitzdorp
Toer: # 1

Helena Botes

BSc III; NOS

Merweville
Toer: # 2

Fotoblad

knusbus

Sommige van die atlete, asook die "Atlete-diens-span" vir die dag, vertrek al vroegoggend met **Kleinboet**, ons Microbus.

atleet op die pad

Tydens atlete se skofte word hulle ondersteun deur die res van die span. Die foto hierbo wys die oorblyfsels van 'n tonneltjie wat kort vantevore vir die atleet gevorm is.

atletediens

Die persoonlike werkers en sanggroeplede sorg vir die atlete tydens en ná hulle skofte.



ouboet

Die res van die Atlete volg 'n bietjie later met **Ouboet**, ons groot bus.



hospitaaltyd

Êrens deur die loop van die middag word daar tyd ingeruim vir 'n bietjie vermaak om die gemoedere op die span in 'n gemaklike en onspanne luim te hou. Vier spanlede is verantwoordelik hiervoor.



bybelstudie

Iewers gedurende die dag word 'n geleentheid vir bybelstudie en lofprysing geskep. Spanlede deel op in groepies van twee en bespreek die dag se gekose onderwerp met mekaar.



sports

Studente bly maar studente...

"Atlete vir Christus"

Toerroete 2006



Datum		Dorp			
	Vanaf	via	oornag	per dag	Per atleet
26 Junie	Bloemfontein		Petrusburg	82 km	8.2 km
27 Junie	Petrusburg	Jacobsdal	Kimberley	135 km	13.5 km
28 Junie	Kimberley	Warrenton	Christiana	131 km	13.1 km
29 Junie	Christiana	Bloemhof	Hoopstad	95 km	9.5 km
30 Junie	Hoopstad	Odendaalsrus	Kroonstad	130 km	13.0 km
1 Julie	Kroonstad	Lindley	Bethlehem	161 km	16.1 km
			Weektotaal	**750 km**	**75 km**
3 Julie	Bethlehem	Fouriesburg	Ficksburg	110 km	11.0 km
4 Julie	Ficksburg	Clocolan	Ladybrand	75 km	7.5 km
5 Julie	Ladybrand	Wepener	Zastron	162 km	16.2 km
6 Julie	Zastron	Rouxville	Aliwal Noord	65 km	6.5 km
7 Julie	Aliwal Noord	Barkly Oos	Elliot	180 km	18 km
8 Julie	Elliot	Dordrecht	Queenstown	180 km	18 km
			Weektotaal	**772 km**	**77.2 km**
10 Julie	Queenstown	Fort-Beaufort	Adelaide	159 km	15.9 km
11 Julie	Adelaide	Cookhouse	Paterson	180 km	18.0 km
12 Julie	Paterson	Kirkwood	Uitenhage	116 km	11.6 km
13 Julie	Uitenhage		Jeffreysbaai	69 km	6.9 km
			Weektotaal	**524 km**	**52.4 km**
			Toertotaal	**2064 km**	**204.6 km**
				Per Atleet	**12.9**

Atlete Vir Christus

Stellenbosch
STUDENTEKERK
oop en eg met deernis

Bid vir ons

Knip hierdie prent uit plak dit teen die yskas op en gebruik dit om ander om vir **Atlete vir Christus** te bid.